

Hoofstuk van die dag: 1 Kronieke 26 – 27

> *Agitofel was die raadgewer van die koning, en die Arkiet Gusai was die vriend van die koning. (1 Kron 27:33)*

Ons kry in dié hoofstukke ’n idee van die omvangryke hervormings wat koning Dawid in die staatsdiens ingevoer het.

Daar is haas nie ’n faset van die lewe in Israel waaroor sy mense nie regeer het nie. Nie net die aanbidding en reël van die godsdiens nie, maar ook die administrasie, finansies, en wet en orde is omvattend vernuwe. Dit verskil dramaties van koning Saul se bewind. ’n Mens kry die indruk dat Saul min of meer op die patroon van die destydse rigters regeer het, met net ’n handjievol amptenare wat hom bygestaan het.
In dié opsig kan ’n mens Dawid vergelyk met Moses. Moses moes ’n klomp slawe se bestaan omvorm na ’n georganiseerde nomadiese volk. Dawid het hierop voortgebou en dié volkslewe hervorm tot ’n doeltreffende staat waarin die burgers in rus en vrede hulle gang kon gaan. Dis eintlik verstommend dat iemand wat as eenvoudige skaapwagter begin het, só ’n magtige staatsmasjien kon skep.
Natuurlik het hy die toerusting van God gekry (1 Sam 16:13), maar hy het hom ook omring met goeie raadgewers. Geen mens kan immers alleen God se werk doen nie.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026